Die Universele Huis van Geregtigheid

Bahá'í Wêreldsentrum
(Afrikaans)

April 2002

Aan die Wêreld se Godsdiensleiers

Die blywende erfenis van die twintigste eeu is dat dit die volkere van die wêreld gedwing het om hulle te beskou as die lede van 'n enkele menseras, en die aarde as daardie ras se gemeenskaplike tuisland. Ondanks die aanhoudende konflik en geweld wat die horison verduister, wyk vooroordele wat vroeër blykbaar inherent in die aard van die mensespesie was, orals terug. Saam daarmee val versperrings om wat die mensefamilie lank verdeel het in 'n Babel van onsamehangende identiteite van kulturele, etniese of nasionale oorsprong. Dat so 'n fundamentele verandering in so 'n kort tyd kon gebeur—feitlik oornag in die perspektief van historiese tyd—dui op die grootheid van die moontlikhede van die toekoms.

Tragies gedra georganiseerde godsdiens, wie se rede van bestaan juis diens aan die saak van broederskap en vrede meebring, hom al te dikwels as een van die mees gedugte hindernisse in die pad; om 'n besondere pynlike feit te noem, dit het al lank sy geloofwaardigheid aan fanatisme verleen. Ons voel 'n verantwoordelikheid, as bestuursraad van een van die wêreldgelowe, om op ernstige oorweging aan te dring van die uitdaging wat dit vir godsdiensleierskap oplewer. Beide die vraagpunt en die omstandighede waartoe dit aanleiding gee verg dat ons onomwonde praat. Ons vertrou dat gemeenskaplike diens aan die Goddelike sal verseker dat wat ons sê aanvaar sal word in dieselfde gees van welwillendheid as wat dit voorgestel word.

Die vraagpunt kom skerp in fokus as 'n mens in ag neem wat elders bereik is. In die verlede, afgesien van alleenstaande uitsonderings, is vroue beskou as 'n minderwaardige geslag, hulle natuur ingeperk deur bygelowe, die geleentheid ontsê om die moontlikhede van die mensegees uit te druk, en verban na die rol van diens aan die behoeftes van mans. Daar is ongetwyfeld talle samelewings waar sulke toestande voortduur en selfs fanaties verdedig word. Op die vlak van globale redevoering het die idée van gelykheid van die geslagte nou egter feitlik die krag van 'n algemeen aanvaarde beginsel aangeneem. Dit geniet soortgelyke gesag in die meeste van die akademiese gemeenskap en inligtingsmedia. Só grondig was die hersiening dat pleitbesorgers vir manlike heerskappy ondersteuning moet soek aan die kantlyne van verantwoordelike menings.

Die beleërde bataljonne van nasionalisme staan voor 'n soortgelyke lot. Met elke verbygaande krisis in wêreldsake, word dit makliker vir die burger om te onderskei tussen 'n vaderlandsliefde wat 'n mens se lewe verryk, en onderwerping aan opruiende retoriek wat daarop gemik is om haat en vrees vir ander te wek. Selfs waar dit dienstig is om deel te neem aan die bekende nasionalistiese plegtighede, is die openbare reaksie ewe veel gekenmerk deur gevoelens van onbeholpenheid as deur die sterk oortuigings en gewillige ywer van vroeër tye. Die uitwerking is versterk deur die hersaamstelling wat in die internasionale bestel voortdurend plaasvind. Wat die tekortkominge van die Verenigde Nasies-stelsel in sy huidige vorm ook mag wees, en hoe gekniehalter sy vermoë ook is om gesamentlik militêr op te tree teen aggressie, kan niemand dit betwyfel dat die fetisj van algehele nasionale soewereiniteit besig is om uit te sterf.

Ras-en etniese vooroordele is ook onderwerp aan ewe summiere behandeling deur geskiedkundige prosesse wat min geduld oorhet vir sulke pretensies. Hier was verwerping van die verlede besonder beslissend. Rassisme word nou besmet deur assosiasie met die afskuwelikhede van die twintigste eeu tot die mate dat dit enigsins die karakter van ’n geestelike siekte aangeneem het. Terwyl dit as ’n maatskaplike houding in talle dele van die wêreld oorleef—en as ’n kanker aan die lewens van ’n beduidende segment van die mensdom—het rassevooroordeel so algemeen in beginsel afgekeur geword dat geen groep mense meer met veiligheid kan toelaat dat hulle daarmee geïdentifiseer word nie.

Dit is nie dat ’n donker verlede uitgewis is en ’n nuwe wêreld van lig skielik gebore is nie. Ontsaglike getalle mense gaan nog steeds gebuk onder die gevolge van diep gewortelde vooroordele van etnisiteit, geslag, nasie, kaste en klas. Alle getuienis dui daarop dat sulke ongeregtighede lank sal voortduur terwyl die instellings en maatstawwe wat die mensdom uitdink, maar stadigaan bemagtig word om ’n nuwe orde van maatskaplike verhoudings te bou en verligting aan die verdruktes te bring. Dit gaan eerder daaroor dat ’n drempel oorgesteek is waarvandaan daar geen gelooflike moontlikheid van terugkeer is nie. Grondbeginsels is uitgewys, uitgedruk, wye publisiteit verleen en word nou voortdurend ingelyf in instellings wat dit aan openbare gedrag kan oplê. Dit ly geen twyfel dat, hoe langdurig en pynlik die stryd ook mag wees, die gevolg ’n ommekeer in verhoudings tussen alle volke, op voetsoolvlak sal wees.

*

By die aanvang van die twintigste eeu het die vooroordeel wat meer as enige ander gelyk het asof dit sou swig voor die kragte van verandering was dié van godsdiens. In die Weste het natuurwetenskaplike vordering reeds van die sentrale stutte van sektariese uitsluitlikheid ru behandel. Teen die agtergrond van die transformasie wat plaasgevind het in die menseras se selfbeskouing, was die belowendste nuwe godsdienstige ontwikkeling klaarblyklik die tussengeloofsbeweging. In 1893 het die Wêreld se Columbiaanse Tentoonstelling selfs sy ambisieuse organiseerders verbaas deur die befaamde ‘Parlement van Godsdienste’ die lig te laat sien, ’n visie van geestelike en sedelike konsensus wat die volksverbeelding op alle vastelande aangegryp het en dit selfs reggekry het om die wetenskaplike, tegnologiese en handelswondere wat die Tentoonstelling gevier het, in die skadu te stel.

Kortom het dit geblyk dat eeue-oue mure omgeval het. Vir invloedryke denkers op godsdiensgebied, het die byeenkoms uniek gestaan, ‘ongeëwenaard in die geskiedenis van die wêreld’. Die Parlement het, volgens sy vooraanstaande hooforganiseerder, ‘die wêreld van dwepery bevry’. ’n Verbeeldingryke leierskap, is met vertroue voorspel, sou die geleentheid aangryp en in die aarde se lank-verdeelde godsdiensgemeenskappe ’n gees van broederskap opwek wat die nodige sedelike onderstuttings vir die nuwe wêreld van voorspoed en vordering kon verskaf. Met dié aanmoediging, het velerlei tussengeloofsbewegings wortel geskiet en gefloreer. ’n Reuseliteratuur, in talle tale beskikbaar, het ’n steeds breër publiek, gelowiges en ongelowiges gelyk, bekend gestel aan die leerstellings van al die groot gelowe, ’n belangstelling wat mettertyd deur radio, televisie, film en uiteindelik die Internet opgevang is. Inrigtings van hoër onderwys het gradeprogramme gelanseer in die studie van vergelykende godsdienswetenskap. Teen die einde van die eeu was eredienste tussen gelowe, wat ’n paar dekades te vore ondenkbaar was, besig om alledaags te word.

Helaas, dit is duidelik dat dit hierdie inisiatiewe ontbreek aan intellektuele samehang sowel as geestelike verbinding. In teenstelling met die prosesse van vereniging wat die res van die maatskaplike verhoudings van die mensdom transformeer, kry die voorstel dat al die wêreld se

groot gelowe ewe geldig in natuur en oorsprong is, koppige verset van verskanste patrone van sektariese denkwyses. Die vordering van rasse-integrasie is ’n ontwikkeling wat nie bloot ’n uitdrukking van sentimentaliteit of strategie is nie, maar ontstaan uit die erkenning dat die volkere van die aarde ’n enkele spesie saamstel wie se talle variasies nie op sigself enige voordeel verleen of ’n nadeel oplê aan enige individuele lede van die ras nie. Die emansipasie van vroue, het insgelyks die gewilligheid meegebring van sowel die inrigtings van die samelewing as die algemene mening om te erken dat daar geen aanvaarbare grond—biologies, maatskaplik of sedelik—is om vroue volle gelykheid met mans te ontsê, en meisies gelyke opvoedkundige geleenthede met seuns nie. Waardering vir die bydraes wat sommige nasies lewer tot die vorming van ’n ontwikkelende globale beskawing ondersteun ook nie die oorgeërfde wanindruk dat ander nasies min of niks het om na die strewe te bring nie.

Dit lyk asof godsdiensleierskap merendeels so ’n fundamentele reoriëntasie nie kan onderneem nie. Ander segmente van die samelewing omhels die implikasies van die eenheid van die mensdom, nie alleen as die onvermydelike volgende stap in die bevordering van die beskawing nie, maar ook as die vervulling van allerlei minder identiteite wat ons ras na hierdie kritiese oomblik in ons gesamentlike geskiedenis bring. Die merendeel van georganiseerde godsdiens staan nogtans magteloos by die drempel van die toekoms, gegrepe in daardie einste dogmas en aansprake op bevoorregte toegang tot die waarheid wat aanleiding gegee het tot die skepping van sommige van die bitterste konflikte wat die aarde se bewoners verdeel.

Die gevolge, in terme van menslike welstand, was noodlottig. Dit is seker onnodig om die afskuwelikhede uitvoerig aan te haal wat vandag besoek word aan ongelukkige bevolkings deur uitbarstings van fanatisme wat die naam van godsdiens beskaam. Die verskynsel het ook nie net pas voorgekom nie. Om net een van talle voorbeelde te noem, het Europa se godsdiensoorloë van die sestiende eeu daardie vasteland die lewens van omtrent dertig persent van die ganse bevolking gekos. ’n Mens moet wonder wat was die langer termyn se oes van die sade wat in die volksbewussyn geplant is deur die blinde kragte van sektariese dogmatisme wat aanleiding gegee het tot sulke konflikte.

By hierdie opgawe moet ’n verraad vir die lewe van die verstand ingereken word, wat meer as enige ander faktor, die godsdiens beroof het van die vermoë wat dit inherent besit om ’n beslissende rol te speel in die vorming van wêreldsake. Vasgevang in besorgdheid oor agendas wat menslike kragte verstrooi en vernietig, was godsdiensinstellings te dikwels die hoofwerktuie om die ondersoek van werklikheid en die uitoefening van daardie verstandelike vermoëns wat die mensdom onderskei, te ontmoedig. Veroordeling van materialisme of terrorisme is van geen ware hulp om die hedendaagse sedelike krisis te hanteer as dit nie begin deur onomwonde die versuim van verantwoordelikheid aan te roer wat die gelowige massa blootgestel het en vatbaar vir hierdie invloede gemaak het nie.

Sulke oorwegings, hoe pynlik ook al, is minder ’n beskuldiging van georganiseerde godsdiens as ’n herinnering aan die unieke krag wat dit verteenwoordig. Ons is almal bewus dat godsdiens tot die wortels van motivering deurdring. Wanneer dit getrou was aan die gees en voorbeeld van die oortreffende Figure wat die wêreld sy groot geloofstelsels gegee het, het dit in hele bevolkings vermoëns opgewek om te bemin, te vergewe, te skep, groot te durf, vooroordeel te bowe te kom, op te offer vir die algemene welsyn en die aandrifte van dierlike instink te dissiplineer. Die bevrugtende krag by die beskawing van die menslike natuur was die invloed van die opeenvolging van hierdie Manifestasies van die Goddelike wat tot die aanbreek van opgetekende geskiedenis terug strek.

Hierdie selfde krag, wat so doeltreffend in vorige eeue gewerk het, bly ’n onuitwisbare eienskap van die menslike bewussyn. Teen alle oormag, en met min wat betekenisvolle aanmoediging betref, gaan dit voort om die stryd om oorlewing vir ongetelde miljoene te steun, en om in alle lande helde en sinte op te lewer wie se lewens die mees oortuigende regverdiging is van die beginsels vervat in die geskrifte van hulle besondere gelowe. Soos die verloop van beskawing aantoon, is godsdiens ook in staat om die struktuur van maatskaplike verhoudings diep te beïnvloed. Dit sou immers moeilik wees om te dink aan enige fundamentele vordering in die beskawing wat nie sy sedelike aandrang afgelei het van hierdie standhoudende bron nie. Is dit dus begryplik dat die oorgang tot die hoogtestadium in die millenia-lange proses van die organisering van die planeet in ’n geestelike vakuum tot stand gebring kan word? As die verdorwe ideologieë wat op ons wêreld gedurende die pas afgelope eeu losgelaat is, niks anders bygedra het nie, het hulle onteenseglik aangetoon dat daar nie aan die behoefte voldoen kan word deur alternatiewe wat binne die mag van menslike uitvinding lê nie.

*

Die gevolge vir vandag word deur Bahá’u’lláh opgesom in woorde wat meer as ’n eeu gelede geskryf is en in die tussendekades wyd versprei is:

Dit ly geen twyfel hoegenaamd nie dat die volkere van die wêreld, van watter ras of geloof, hulle inspirasie uit een hemelse Bron put, en die onderdane is van een God. Die verskil tussen die verordeninge waaronder hulle lewe, behoort toegeskryf te word aan die veranderende vereistes en node van die tyd waarin dit geopenbaar is. Dit alles, behalwe ’n paar wat die gevolg is van menslike verderflikheid, is deur God bepaal, en is ’n weerkaatsing van Sy Wil en Doel. Staan op, en verbrysel, gewapen met die mag van geloof, die gode van julle ydele verbeeldings, die saaiers van verdeeldheid onder julle. Klem vas aan dít wat julle nader tot mekaar bring en verenig.

So ’n beroep vereis nie die oorgawe van geloof in die fundamentele waarhede van enige van die wêreld se groot geloofstelsels nie. Heel anders. Geloof het sy eie imperatief en is sy eie regverdiging. Wat ander glo—of nie glo nie—kan nie die gesag wees in enige individuele bewussyn wat die naam werd is nie. Bostaande woorde dring wel ondubbelsinnig daarop aan om afstand te doen van al daardie aansprake op uitsluitlikheid wat deur hulle wortels om die lewe van die gees te draai, die grootste enkele faktor was by die versmoring van aandrange tot eenheid en by die bevordering van haat en geweld.

Ons glo dat leiers van godsdiens moet reageer op hierdie historiese uitdaging as godsdiensleierskap betekenis gaan hê in die globale samelewing wat uit die transformerende ervarings van die twintigste eeu te voorskyn kom. Dit lê voor die hand dat toenemende getalle mense begin besef dat die waarheid wat alle gelowe ten grondslag lê, in wese een is. Hierdie herkenning ontstaan nie uit ’n oplossing van teologiese geskille nie, maar as ’n intuïtiewe bewustheid gebore uit die steeds breërwordende ervaring van andere en uit ’n dagende aanvaarding van die eenheid van die mensefamilie self. Uit die warboel van godsdienstige leerstellings, rituele en regskodes wat uit verdwene wêrelde oorgeërf is, kom ’n sin dat die geestelike lewe, soos die eenheid wat duidelik is in verskillende nasionaliteite, rasse en kulture, een onbeperkte werklikheid saamstel wat gelyk aan almal toeganklik is. Sodat hierdie uitgespreide en nog steeds weifelende persepsie hom vas kan maak en doeltreffend kan bydra tot die bou van ’n vreedsame wêreld, moet dit die heelhartige bevestiging geniet van diegene na wie, selfs nou nog, die massa van die aarde se bevolking opsien om leiding.

Daar is verseker breë verskille tussen die wêreld se groot godsdienstige tradisies met betrekking tot maatskaplike verordeninge en vorme van eredienste. Gegee die duisende jare waartydens daaropvolgende openbarings van die Goddelike gerig is tot die veranderende behoeftes van ’n bestendig ontwikkelende beskawing, kon dit skaars anders wees. ’n Inherente kenmerk van die geskrifte van die meeste van die groot gelowe is immers blykbaar die uitdrukking in een of ander vorm, van die beginsel van die ontvouende natuur van die godsdiens. Wat nie sedelik geregverdig kan word nie, is die manipulasie van kultuurerfenisse wat bedoel is om die geestelike ervaring te verryk, as ’n middel om vooroordeel en vervreemding op te wek. Die hooftaak van die siel sal altyd wees om die werklikheid te ondersoek, om die waarhede waarvan dit oortuig word na te leef, en volle respek aan die pogings van ander te gee om dieselfde te doen.

Daar kan beswaar gemaak word dat, as al die groot godsdienste herken word as ewe Goddelik in oorsprong, die uitwerking sal wees om die bekering van talle mense van een godsdiens na ’n ander aan te moedig, of ten minste te vergemaklik. Of dit nou waar is of nie, dit is sekerlik van randstandige belang wanneer dit teenoor die geleentheid gestel is wat die geskiedenis uiteindelik geopen het vir diegene wat bewus is van ’n wêreld wat die aardse wêreld oortref—en teenoor die verantwoordelikheid wat hierdie bewustheid meebring. Elk van die groot gelowe kan indrukwekkende en geloofbare getuienis aanvoer tot sy doeltreffendheid om ’n sedelike karakter te koester. Niemand kon insgelyks oortuigend betoog dat die leerstellings wat geheg is aan een besondere geloofstelsel of meer of minder dweepsug en bygeloof opgelewer het as diegene wat aan enige ander geheg is nie. In ’n integrerende wêreld, is dit natuurlik dat patrone van reaksie en omgang ’n aanhoudende proses van verandering sal ondergaan, en die rol van instellings, van watter soort ook al, is sekerlik om te oorweeg hoe hierdie ontwikkelings bestuur kan word op ’n manier wat eenheid bevorder. Die waarborg dat die gevolg uiteindelik gesond sal wees—geestelik, sedelik en maatskaplik—lê by die blywende geloof van die ongeraadpleegte massa van die aarde se bewoners dat die heelal regeer word nie deur menslike grille nie, maar deur ’n liefdevolle en onfeilbare Voorsienigheid.

Saam met die verkrummelende versperrings wat volkere verdeel, aanskou ons tyd die ontbinding van die eens onoorkomelike muur wat die verlede veronderstel het vir ewig die lewe van die Hemel van die lewe van die Aarde sou skei. Die geskrifte van alle godsdienste het altyd die gelowige geleer om in diens aan andere nie alleen ’n sedelike plig nie, maar ’n baan vir die siel se eie benadering tot God te sien. Vandag gee die vooruitstrewende herstrukturering van die samelewing hierdie bekende leerstelling nuwe dimensies van betekenis. Na gelang die eeue-oue belofte van ’n wêreld besiel deur beginsels van geregtigheid stadigaan die karakter van ’n realistiese doel aanneem, sal die voldoening aan die behoeftes van die siel en dié van die samelewing toenemend beskou word as onderlinge aspekte van ’n volwasse geestelike lewe.

As godsdiensleierskap opgewasse gaan word vir die uitdaging wat laasgenoemde persepsie verteenwoordig, sal so ’n reaksie moet begin deur te erken dat godsdiens en die wetenskap die twee onontbeerlike kennisstelsels is waardeur die moontlikhede van die bewussyn ontwikkel. In plaas van in stryd met mekaar te wees, is hierdie fundamentele wyses van die verstand se ondersoek van werklikheid onderling afhanklik en was hulle uiters vrugbaar in daardie skaars maar gelukkige tydperke van die geskiedenis wanneer hulle aanvullende natuur herken is en hulle kon saamwerk. Die insigte en bekwaamhede wat deur die wetenskap voortgebring is, sal altyd na die leiding van geestelike en sedelike verbinding moet opsien om hulle geskikte toepassing te verseker; godsdienstige oortuigings, hoe gekoester hulle ook al mag wees, moet hulle gewillig en dankbaar, onderwerp aan onbevange proewe deur wetenskaplike metodes.

Ons kom eindelik na ’n vraag wat ons effens bedees benader aangesien dit mees direk aan gewete raak. Onder die talle versoekings wat die wêreld aanbied, is die toets wat, nie verrassend nie, die godsdiensleiers besig gehou het, dié van die uitoefening van mag by kwessies van geloof. Niemand wat lang jare toegewy het aan ernstige bepeinsing en studie van die geskrifte van een of ander van die groot godsdienste hoef verder herinner te word aan die dikwels-herhaalde grondstelling aangaande die moontlikheid dat mag kan korrumpeer en dit toenemend kan doen namate sulke mag groei. Die onaangekondigde innerlike oorwinnings wat in dié verband deur tallose geestelikes oor die eeue heen behaal is, was sonder twyfel een van die hoofbronne van georganiseerde godsdiens se skeppende sterkte en moet getel word as een van sy hoogste onderskeidings. In dieselfde mate het oorgawe aan die verleiding van wêreldse mag en voordeel, aan die kant van ander godsdiensleiers, ’n vrugbare teelaarde bewerk vir sinisme, korrupsie en wanhoop onder almal wat dit sien. Die gevolge vir die vermoë van godsdiensleierskap om op hierdie tydstip in die geskiedenis aan sy maatskaplike verantwoordelikheid te voldoen het geen uitbouing nodig nie.

*

Aangesien dit gaan oor die veredeling van karakter en die harmonisering van verhoudings, het godsdiens die hele geskiedenis deur gedien as die primêre gesag wat betekenis aan die lewe gee. In elke eeu het dit die goeie aangehelp, die verkeerde berispe en, voor die oë van dié wat gewillig is om te sien, ’n visie omhoog gehou van moontlikhede wat tot nog toe onverwesenlik is. Uit sy raadgewings het die redelike siel aanmoediging geput om die perke wat opgelê is deur die wêreld om hom te vervul. Die naam godsdiens bring mee dat dit tegelykertyd die hoofkrag was wat verskillende volkere in steeds groter en meer komplekse samelewings saambind, waardeur die individuele vermoëns wat sodoende vrygestel is, uitdrukking kan vind. Die groot voordeel van die hedendaagse eeu is die perspektief wat dit moontlik maak dat die ganse menseras hierdie beskawende proses as ’n enkele verskynsel kan sien, die ewig-terugkerende ontmoetings van ons wêreld met die wêreld van God.

Geïnspireer deur hierdie perspektief, het die Bahá’í gemeenskap tussengodsdienstige bedrywighede van die tyd van hulle aanvang sterk bevorder. Afgesien van gekoesterde assosiasies wat hierdie bedrywighede skep, sien Bahá’ís in die stryd van verskeie godsdienste om mekaar te nader, ’n reaksie op die Goddelike Wil vir ’n menseras wat sy gesamentlike rypheid betree. Die lede van ons gemeenskap sal aanhou om op elke manier wat ons kan, te help. Ons is dit aan ons genote in hierdie gesamentlike poging egter verskuldig om ons oortuiging duidelik te verklaar dat tussengodsdienstige gesprek, as dit betekenisvol gaan bydra tot die genesing van die euwels wat ’n wanhopige mensdom teister, nou eerlik en sonder verder ontwyking, die implikasies moet aanpak van die oorkoepelende waarheid wat die beweging in die lewe geroep het: dat God een is en dat, bokant alle verskeidenheid van kulturele uitdrukking en menslike interpretasie, godsdiens insgelyks een is.

Met elke dag wat verbygaan, groei die gevaar dat die stygende brande van godsdiensvooroordeel ’n wêreldwye verwoestende brand sal aansteek waarvan die gevolge ondenkbaar is. So ’n gevaar kan die burgerlike regering, sonder hulp, nie te bowe kom nie. Ons kan ons ook nie wysmaak dat beroepe om onderlinge verdraagsaamheid alleen kan hoop om vyandighede te blus wat aanspraak daarop maak dat dit Goddelike goedkeuring wegdra. Die krisis doen ’n beroep op godsdiensleierskap om ’n breuk met die verlede net so beslissend soos diegene wat die weg gebaan het vir die samelewing om ewe wegvretende vooroordele van ras, geslag en nasie aangepak het. Watter regverdiging ook bestaan om invloed uit te oefen oor sake van gewete lê in diens aan die welsyn van die mensdom. Op hierdie grootste keerpunt in

die geskiedenis van die beskawing, kon die vereistes van sulke diens nie duideliker gemaak word nie. ‘Die welstand van die mensdom, sy vrede en sekuriteit, is onbereikbaar’, beklemtoon Bahá’u’lláh, ‘tensy en totdat sy eenheid stewig gevestig is.’